

Personeelkamer Opening

54. Hoe God werk

'n Vrou met verweerde klere en mismoed dwars oor haar gesig geskryf, stap by 'n winkel in. Sy vra die eenaar nederig of sy nie kruideniersware op rekening kan kry nie. Haar man is baie siek en kan nie werk nie; hulle het sewe kinders en benodig dringend kos.

Die winkelier kyk smalend op haar neer en versoek haar om die winkel te verlaat.

Sy pleit : "Asseblief, meneer! Ek sal aan u die geld bring so gou ek kan. Die winkelier verduidelik dat sy nie 'n rekening by hom het nie.

Langs haar het 'n kliënt gestaan wat die gesprek gehoor het. Hy sê aan die winkelier dat hy sal instaan vir die kruideniersware wat die dame benodig.

Die winkelier sê met 'n huiwerige stem: "Het jy 'n lysie van die goed wat jy nodig het?" Sy antwoord: "Ja meneer." "Okei," sê hy, "plaas jou lys op die skaal en wat jou lys ook al weeg, sal ek dieselfde gewig aan kruideniersware vir jou gee."

Sy aarsel 'n oomblik met 'n geboë hoof, dan haal sy 'n pen en papiertjie uit en skryf iets daarop. Sy plaas die papiertjie verstigtig op die skaal met haar hoof steeds geboë.

Die winkelier en die kliënt se oë rek in ongeloof toe die skaal afgaan en onder bly. Die winkelier staar na die skaal, draai stadig na die kliënt en sê gegrief:

"Ek kan dit nie glo nie." Die kliënt glimlag en die winkelier begin kruideniersware op die anderkant van die skaal te plaas.

Die skaal balanseer nie en hy plaas steeds meer kruideniersware op totdat daar nie meer plek is nie. Die winkelier raak ergerlik en gryp die stukkie papier van die skaal af. Hy kyk daarna, en weer rek sy oë in ongeloof.

Dit was nie 'n kruideniers- lys nie, maar 'n gebed wat sê: "Dierbare Vader, U weet wat ek nodig het en ek los dit in U hande.

"Mag God jou skaal ook vandag vul. GOD ken elke hart se behoeftes."